# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
redakteur@apk.co.za

1 November 2022

**OMSENDBRIEF 10/2022**

## GEMEENTELIKE INTEKENVORM: *DIE BOODSKAPPER* 2023

**Aan alle skribas van gemeentes**

Dit word weer dié tyd van die jaar dat gemeentes vir die volgende jaar beplan. Aangeheg is u **intekenvorm** vir *Die Boodskapper* vir 2023. Ons beskou hierdie as ’n broodnodige publikasie vir alle gelowiges in Suid-Afrika, in besonder die AP Kerk. Dink aan meningsvormers en ander behoudendes in u omgewing en sorg asseblief dat hulle gereeld ’n eksemplaar in die hand kry. Indien moontlik, oorweeg dit selfs om hulle op ’n maandelikse kopie in te teken (al is dit net die elektroniese weergawe). *Die Boodskapper* verskyn 10 keer per jaar (dit wil sê: elke maand, behalwe Augustus en Januarie wat saam met die voorafgaande maand verskyn). U kan DV na die volgende temas in 2023 uitsien:

| UITGAWE | TEMA |
|---|---|
| **Februarie** | Terugvoer oor Sinode 2022 |
| **Maart** | Saamwoon voor die huwelik/buite-egtelike verhoudings/informele huwelike |
| **April** | (Paasuitgawe) Levítikus (offers en feeste wat roep om vervulling) |
| **Mei** | (Pinkster) Geesvervulde kerkwees |
| **Junie** | Feesgedruis om u huis (viering van die Dag van die HERE) |
| **Julie/Aug.** | Die vervolgde kerk |
| **September** | Bybelse manlikheid in ’n ontmande samelewing |
| **Oktober** | TULIP |
| **November** | Die gesin rondom die huisaltaar (belangrikheid van huisgodsdiens) |
| **Des./Jan.** | Lig in Duisternis |

**Intekengeld** vir *Die Boodskapper* sluit ook intekengeld vir die jeugblad (*Die Jeugboodskapper*) in. Bepaal die **getal** eksemplare so noukeurig moontlik. Voltooi meegaande vorm (ingesluit in hierdie omsendskrywe) en stuur terug vóór **30 November 2022**. Ter wille van die administrasie versoek ons u om asseblief deur die loop van die jaar sover moontlik by dié getal te hou.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 🖷 (012) 362-2023

**U kerkraad kan u gemeente se rekening vir *Die Boodskapper* op een van die volgende maniere vereffen:**

1. Die volle bedrag verskuldig (vooruitbetaalbaar teen 30 November 2022).
2. Verdeel die volle bedrag tussen 1-12 paaiemente (volle bedrag betaalbaar vóór 24 November 2023).
3. Gee 'n bydrae volgens die kerkraad se vermoë. **Indien dit minder is as die volle bedrag waarvoor u aanspreeklik is, moet u versoek eers deur die Publikasiekommissie (PK) oorweeg word. Indien die PK nie so 'n versoek ontvang en gunstig oorweeg het nie, sal u gemeentes slegs die aantal eksemplare gelykstaande aan die bedrag wat u inbetaal, ontvang.** Hou in so 'n geval asseblief in gedagte dat 'n ander kerkraad dan vir u balans sal moet instaan.

**INTEKENGELD VIR 2023 (Daar is 10 uitgawes per jaar)**

***Opsies vir gedrukte kopieë***

1. R310,00 per jaar – enkelintekenare (vir die nodige vorm stuur asseblief 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za).
2. R210,00 per jaar wanneer 25 gedrukte eksemplare of meer deur 'n gemeente bestel word.
3. R210,00 per jaar vir 'n gemeente wat minder as 25 besoekpunte het mits vir elke besoekpunt ingeteken word; anders R310,00 per jaar.

***Elektroniese opsies***

1. R160,00 per jaar vir elektroniese intekenare.
   Indien kerkrade dit oorweeg om slegs sommige gemeentelede op die elektroniese weergawe in te skryf, benodig ons 'n lys met die betrokke lidmate se name en e-posadresse.
2. R50 per belydende lidmaat per jaar. Dus, aantal belydende lidmate x R50,00.
   Hierdie opsie kan net deur 'n gemeente gekies word, indien 'n kerkraad besluit om die **hele gemeente** elektronies op *Die Boodskapper* en *Jeugboodskapper* in te skryf. Ons faktureer dan u gemeente volgens die getal belydende lidmate soos wat dit in die *Statistiek en Inligting* verskyn. Om gemeentes aan te moedig om van hierdie opsie gebruik te maak, faktureer ons gemeentes wat hierdie opsie verkies, slegs vir nege uitgawes (dus R45/lidmaat/jaar). Dit beteken u ontvang **een uitgawe gratis**.

***DIE BOEKWINKEL***

Ons wil eerstens al ons gemeentes en lidmate bedank vir hulle ondersteuning deur die jaar. Neem asseblief kennis dat **21 November 2022** die laaste kans is vir bestellings by *Die Boekwinkel* (per e-pos). Enige bestellings ná hierdie afsnydatum sal ongelukkig moet oorstaan tot volgende jaar. Hou dus rekening hiermee ten opsigte van byvoorbeeld die bestelling van verbondsonderrigmateriaal vir 2023.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

Webbladbestellings sluit Vrydag **9 Desember 2022**.

*Vriendelike groete*

**Ds. HSW Strauss**
**Redakteur:** ***Die Boodskapper***



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023